VOORBIDDING:

Wêreld: Estland, Letland, Litaue, Tsjeggiese Republiek, Pole, Slowakye, Albanië, Bosnië-Herzegowina, Kroasië, Montenegro, Serwië en Slowenië. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

RSA & Dorp: Verskillende kerke en leiers, Christenmense en hulle werk en leefplekke. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede in die Wes-Kaap asook die hele land. Dankbaarheid vir reën wat verligting gebring het. 'n Vreedsame aanloop tot die verkiesing.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Christo en Ina Dippenaar: hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat gedurende die vakansie op Sondae verjaar:

17 Maart: Boetie de Bruin (La Clémence), Marius Hattingh (Dennerand), Danielle Kruger (Longlands) en Quintus Kruger (Marina).

24 Maart: Daniël Clampett (Plattekloof), Leon Cloete (Vrede), Ruan de Beer (Lovell), Pieter Jacobs (Melck), Sharelle Kruger (Longlands), Annemé Vos (Du Clair), Danie Wiese (Faber) en Johan Zietsman (Rokewood).

31 Maart: René Kotzé (Coligny), Heinrich Rode (Brandwacht), Helmien Slabber (Koch), Leana Stemmet (Simond), Helén-Mari Stofberg (Brandwacht), Marinus van der Merwe (Starrenburg), Bettie van Rooyen (Van Taack) en Emile van Zyl (Kaneel).

Geluksoord hou 'n Markdag op Saterdag, 30 Maart

Kom ondersteun die inwoners van Geluksoord en wees deel van die pret! Ontbytkaartjies beskikbaar by Geluksoord se ontvangs teen net R60 per persoon, bespreek by 021 887 3124.

Azaleahof Dienssentrum

Word lid van die Azaleahof ACVV Dienssentrum om van hul dienste gebruik te maak. Kry aansoekvorms by Azaleahof se ontvangs. Ledegeld word betaal volgens inkomste. Dienste sluit in:

* bloeddrukkliniek * Bybelstudie * kaartklub * haarversorging * hand- en voetversorging * naaldwerkgroep * klubbyeenkomste op Dinsdae * etes (word tuis afgelewer) * wegneemetes * herleide kerkdienste in die dienssentrumsaal * tuinhulpdiens * biblioteekdiens * gimnastiek * huishulpdiens * blokraaiselgroep * tuisversorgingsdiens * Azaleahof kwiltgroep * uitstappies. Vir navrae of tuisbesoeke, kontak Lynette Cronjé by 021 887 0136 / azaleads@adept.co.za

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Maartvakansie

Lydenstyd

Eredienste om 09:30

Sondag 17 Maart	Elzanne van der Westhuizen
Sondag 24 Maart	Monty Sahd
Sondag 31 Maart	Elzanne van der Westhuizen

Jaartema:
Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

As ek met God versoen is, leef God in my, word ék as't ware God se arms en bene en voete en hart op aarde, word die versoeningswerk deur my voortgesit. *Ferdinand Deist*

*M*ag die Here jou seën met ongemak oor maklike antwoorde, halwe waarhede en oppervlakkige verhoudings sodat jy uit die diepte van jou hart kan leef.

*M*ag die Here jou seën met woede oor onreg, onderdrukking en die uitbuiting van mense sodat jy kan werk vir geregtigheid, vryheid en vrede.

*M*ag die Here jou seën met trane om te stort vir mense wat pyn, verwerping, honger en oorlog ervaar sodat jy 'n hand kan uitreik en hulle pyn in blydskap kan verander.

*E*n mag God jou seën met genoeg dwaasheid om te glo dat jy 'n verskil kan maak in hierdie wêreld sodat jy die dinge sal kan doen wat ander dink nie gedoen kan word nie.

Boerewors te koop

Lekkerste boerewors al die pad van Worcester nou te koop tydens kantoorure, ook gedurende die vakansie. R46 per 500g. Groter bestellings is welkom. Skakel 021 886 5975.

ONS KANTOORURE: Ma: 09:00 - 13:00 & Di - Vr: 08:00 - 13:00

PROGRAM VIR VOLGENDE 3 WEKE: Maandag 18/3 tot Sondag 7/4

Wo 20/3		**Universiteitsvakansie**
Do 21/3		**Menseregtedag**
Vr 22/3		**KERKKANTOOR GESLUIT**
So 24/3	09:30	**Erediens:** Monty Sahd
Vr 29/3		#imagine 2019 (tot So 31 Maart)
So 31/3	09:30	**Erediens:** Elzanne van der Westhuizen
Ma 1/4		**Universiteit begin**
Di 2/4	10:00	**Skool begin** **Bybelstudie** (Bonheur)
Wo 3/4	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	**Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Marktafel en Koinonia Kuiertafels**
So 7/4	09:30 09:30 10:30 10:30 18:00 18:00	**Erediens**: Leon Cronje **(Graad 1-Sondag en Doopgeleentheid)** Kleuterkerk en junior kategese Tee en koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer Kerkbiblioteek ná die erediens Jeugdiens in die kerksaal Diens by Bonheur

Die deuroffer op Sondag 10 Maart vir die Jan Kriel Instituut was R3 345.

Baie dankie!

Die deuroffers gedurende die vakansie gaan aan die volgende instansies:

17 Maart: Paarlskool - Die skool beskik oor die dienste van 'n groot personeelkorps. Afgesien van die onderwyspersoneel, beskik die skool ook oor 'n multi-dissiplinêre span van fisio-, arbeids-, en spraakterapeute, sielkundiges, 'n maatskaplike werker, 'n verpleegkundige en leerondersteuners wat, naas die behandeling van leerders, ook as 'n evaluasiekliniek funksioneer.

24 Maart: Instituut vir Blindes - Die Instituut is in 1881 deur die NG Kerk gestig en streef vandag daarna om persone wat blind, swaksiende, doofblind en siggestremd met bykomende gestremdhede is, deur opleiding, ontwikkeling en versorging tot 'n vervulde lewe en volle burgerskap te bemagtig.

31 Maart: Alta du Toit Nasorg - Die sentrum maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleiding- en ontwikkelingsprogramme. Die hantering van kliënte word bestuur deur 'n multidissiplinêre span met persoonlike versorgers, verpleegpersoneel, toesighouers in die werksareas, arbeidsterapeute en maatskaplike werkers.

Betaal met SNAPSCAN
(onthou om 'n verwysing in te tik)

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Geloofsgroei vir die tweede kwartaal

Geloofsgroei vir die tweede kwartaal begin weer op Woensdag 3 April met twee byeenkomste om 09:00 en 19:00 in die konsistorie. Die tema is Genooi om te volg. Hierdie tema wil ons help om Jesus beter te leer ken. Onthou egter dat lees net 'n begin is, want ons leer Jesus werklik ken deur Hom te volg. Hy nooi ons dan ook om agter Hom aan te kom en neem ons stap vir stap deur die lewe. Dikwels lei Jesus anders as wat ons verwag; telkens neem Hy ons waar ons nie wil wees nie. Dis 'n waagstuk om ja te sê vir Jesus. Monty Sahd is die aanbieder - almal is welkom!

Jaartema fokus en Lydenstyd

Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees. Hoe groei ek nader aan Jesus en watter impak het dit op my lewe elke dag? Ons is tydens Lydenstyd saam met mekaar op reis – 'n innerlike reis, 'n lewensverdieping reis. Ons vra die heel tyd – hoe gaan ons dit regkry om as gelowiges en as gemeente geestelik te groei – om dieper te gaan in ons verhouding met God? Die LYDENSTYD-reisgids is 'n hulpmiddel.

Omdat Lydenstyd nog altyd in die kerk deur die eeue 'n tyd was van selfondersoek en geestelike groei, wil ons hierdie Lydenstyd op 'n pelgrimsreis gaan na geestelike groei. As jy nie reeds op Aswoensdag die reis begin het nie, dit is nooit te laat nie. Elke week verskyn die volgende deel van die padkaart. Neem 'n reisgids by die deure na die erediens of laai dit af op die webwerf of vra die mense by die kerkkantoor om vir jou 'n kopie te maak. Daar is ook daaglikse geloofsgewoontes wat ons kan inoefen om ons te help om die hele tyd bewus van God te leef. Reis saam!

Huiswerkhulp benodig

Indien u kan help met *huiswerk van hoërskoolleerders* by Welgevallen Proefplaas op 'n Donderdagmiddag of met *leesvaardighede by kleiner kinders*, skakel direk met Elizabeth Pietersen 021 808 9133 of elizabethpietersen@sun.ac.za.

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word.

Ons Barmhartigheidstema vir Maart is mense met gestremdhede en spesiale behoeftes.

Ons gemeente samel elke maand iets in wat by die tema pas. **Hierdie maand samel ons toiletware, grootmensdoeke, beddegoed en handdoeke in vir HUIS HORISON.** Sit jou bydrae op die B-Aksie se tafel of in die mandjies by die deure of bring asb na die kerkkantoor.

Die deuroffers sluit ook aan by die maand-tema: Jan Kriel Instituut, Paarlskool, Instituut vir Blindes en Alta du Toit Nasorg.